Kix-pirasie

Spreuke 5: 21: "'n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy."

Hulpmiddels:

Kopieë van die prent van 'n voet vir elkeen.

Die eerste kwartaal van 2018 is alweer verby. Miskien was dit vir jou 'n moeilike kwartaal: dalk 'n kwartaal van siekte, beproewings en dalk selfs 'n geliefde wat aan die dood afgestaan is.

Kom ons maak ons oë toe en dink aan die pad wat ons geloop het: hoe die Here ons gelei het, hoe Hy ons geseën het en hoe Hy ons bewaar het teen onheil. Skryf daarna op die een helfte van die prent van 'n voet hoe die Here jou gelei het die afgelope kwartaal. *(Gee kans vir terugvoer.)*

Ons staan aan die begin van 'n splinternuwe, onbekende kwartaal. Ons weet nie wat oor ons pad gaan kom nie. Alhoewel ons nie die pad ken nie, weet ons dat die Here wel die pad ken omdat ons lewens oop lê voor Hom. Hy weet wat môre en oormôre op ons wag. God sien elke tree wat ons gee.

Ons moet onthou dat elke tree 'n spoor agterlaat. Kom ons vra onsself af: "Watter spore laat ek agter? Kon die kinders met wie ek werk in my spore trap? Waarheen gaan dit hulle lei?" God belowe dat Hy ons elke dag sal lei en bewaar: teen onheil, maar ook teen versoekings en struikelblokke op ons pad.

Kom ons lees nou:

Jesaja 41: 10: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou."

Gebruik die ander helfte van die prent van die voet om 'n toewydingsgebed vir die Here te skryf.

Sluit af met gebed.